Kix-pirasie

BENODIGHEDE:

Verskillende dele van 'n plant of boom. Dit hoef nie dieselfde tipe plant te wees nie, maar dit sal help as die verskillende stadiums van groei en lewe uitgebeeld kan word. Gebruik bv. wortels, blare, iets wat bot, 'n blom, vrug of droë tak. Sorg dat daar vir elkeen in die groep een item is wat hy/sy kan vashou.

Begin deur iets te deel rondom jou eie ervaring met tuinmaak. Hoor sommer wie het almal groen vingers en wat hul gunsteling plant of boom is.

Gee nou aan elkeen 'n stukkie plant. Gee almal kans om na die stukkie plant te kyk en te dink waaraan die plant hulle herinner. In watter deel van hul lewens het hulle iets beleef van daardie deel van die plant wat hul nou vashou? Gee kans vir terugvoer.

Vra nou die volgende vrae:



Ek wonder watter uitdagings het jy gehad om te verander/groei na 'n volgende seisoen van jou lewe.

Ek wonder hoe jy God as Tuinier beleef binne verandering.

Hierdie is 'n goeie hulpmiddel om sommer te gesels oor almal se belewenisse van die jaar sover.

Sluit af met die mooi woorde van Jeremia 29: 11 en 12 wat ons bemoedig om nie net in God se beloftes te glo nie, maar ook om Hom te soek met alles in ons. Ons sal Hom vind, maak nie saak wat die omstandighede is nie.

Bid vir mekaar.

Jeremia 29: 11, 12:

"Ek weet wat Ek met julle wil doen. Ek wil hê dit moet goed gaan met julle in die jare wat sal kom, nie sleg nie. Julle moet kan hoop dat dit goed sal gaan met julle. Julle sal vra dat Ek julle moet help, julle sal aanhou bid tot My, en Ek sal julle hoor." (Die Bybel vir Almal)

"Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting! Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid, en Ek sal julle gebede verhoor." (1983-vertaling)



"For I know the plans I have for you," declares the LORD, "plans to prosper you and not to harm you, plans to give you hope and a future. Then you will call on me and come and pray to me, and I will listen to you." (NIV)